**#HoeNou?! – Episode 1: Duimvashou**

**Hoekom hou ons duim vas? Die verskil tussen duim vashou en “cross your fingers”.**

In Afrikaans en Suid-Afrikaanse Engels hou ons ons duime vas …

**Het jy geweet?**

- Die Engelse uitdrukking “hold your thumbs” is direk uit Afrikaans geleen en word so deur vele internasionale woordeboeke aangedui.
- Dit kom dan ook meesal voor in Suid-Afrikaanse Engels – naas: “cross your fingers”.




**Waar kom dit vandaan?**

- Die oorsprong kom van die geloof in duim vashou: Afrikaans < Nederlands < Germaans < Romeinse kultuur. Reeds in Romeinse tye dra mense gelukbringers – as ‘t ware ’n soort weerligafleier wat die draer moes beskerm teen die barskyke van die sogenaamde Bose Oog (Evil Eye). Soos mense vandag ook nog kruisies, ens. om hulle nekke dra.
- Een van die gewildste fascinums (‘n soort amulet wat om die nek gedra is) was in die vorm van ’n duim wat vasgehou word en tussen die wys- en middelvinger uitsteek. Later het die duim tussen die vingers verdwyn – en so hou ons dus duim vas.
- Die oorsprong van “cross your fingers” dateer uit die vroeë Christelike kerk. Maak ’n kruis met twee hande se vingers om euwels weg te hou. Later slegs een hand.
- Beide was dus beskerming teen die Bose Oog, die een met ’n Germaanse ompad, die ander Christelik.

**En in ander lande?**

Vandag word duime in groot dele van Noord-Europa gehou: Swede, Finland, Duitsland, Nederland en Pole, om enkeles te noem. In lande soos Engeland, Noorweë, Denemarke, Spanje en Frankryk kruis 'n mens eerder jou vingers.

**Ook interessant …**

- Ook ‘n geneesmiddel teen jaloesie, d.i. envy < invidia < invidere ‘om teen te kyk (op ‘n aggressiewe wyse)’
- Wikipedia: Die Afrikaanse woord "fassineer" kom met ’n ompad van die Latynse fascinum en die verwante werkwoord fascinare ‘om die mag van die fascinum te gebruik’, dit is ‘om towerkrag te gebruik’ en dus ‘om te bekoor, te betower’.
- Fascinum was die Romeinse god wat jou teen jaloesie en die Bose Oog moes beskerm.
- Dit staan in Afrikaanse bekend as ‘n toffie (Engels: fig sign; Latyn mano fico).
- Waarom vye? Vye was ook simbole van geluk en vrugbaarheid.
- Ander teorie oor vingers kruis: In prechristelike tye sou twee mense hulle wysvingers kruis om as konsentrasiepunt vir goeie energie te dien (dus om slegte energie weg te hou). Dit sou dan later verander dat slegs een mens dit ook kon doen met twee hande (soos ook om vampiere weg te hou), en later net met een hand.
- Hulle kon ook vingers inhaak. So kry ons vandag nog dat mense hulle pinkies inhaak as hulle pinky swear.
- Ander teorie: Van die eerste Christene sou handgebare ontwikkel om mekaar te identifiseer. Een daarvan was duime se punte teen mekaar, en dan die wysvingers wat kruis om ’n vis te vorm. Dis onduidelik hoe dit noodwendig sou ontwikkel in ’n teken wat geluk bring.

**BRON- EN EIENDOMSREG:** GERHARD VAN HUYSSTEEN EN SU-AN MÜLLER-MARAIS.